



# Boer volhoubaar met toerusting van BHBW

Met spesiale aanbiedinge, nuwe produkte en 'n paar ou bekendes is 'n besoek aan BHBW se standplaas op die Nampo-oesdag die moeite werd vir die boer wat op soek is na werktuie en toerusting van goeie gehalte. Hier is 'n voorsmakie.

**B**ednar-swaardiens-werktuie help boere landwyd om produktiewer, winsgewender en sommer lekkerder te boer. Die goeie nuus is dat BHBW sy Bednar-reeks uitgebrei het met 'n nuwe generasie-tandwerktuig en 'n fynsaadplanter wat ongeëwenaarde ontwerpvoordele bied.

Op Nampo kan besoekers met die BHBW-span gesels oor hierdie en ander Bednar-produkte, asook die jongste Geringhoff- en Crary-strooptegnologie, Yale-vurkhyzers, nywerheidskoonmaaktoerusting van Hako en 'n volledige reeks egte en vervangingsonderdele.

## Nuwe Bednar-werktuie

Bednar se veeldoelige Fenix FO Profi-grondbewerker is beskikbaar met werkwydtes van 4-7,9 m, en blink uit met vlak én diep bewerking (tot 35 cm). Dit het 'n swaardiensraam en vier rye hidrouliese beskermdetande wat in 'n V-formasie gerangskik is om trekweerstand en kragvereistes te verminder.

Die parallelogram-ontwerp

van die rollers sorg dat dieselfde druk oor die breedte van die werktuig toegepas en grondkontoere outomaties gevolg word. Daarby verseker Bednar se geïntegreerde agteras (een ry tande is agter die as geplaas) 'n eweredige gewigverspreiding sodat die Fenix deurentyd in 'n reguit lyn werk, 'n kleiner draaisirkel benodig en makliker vervoer word.

Bednar behaal wêreldwyd sukses met sy Omega-fynsaadplanters, en die eerste planter is nou ook in die Noord-Kaap verkoop. Dié lugdrukplanters se saad- en kunsmistenke, wat onder druk werk, sorg vir die akkurate uitmeet van saad en kan hoë volumes kunsmis hanteer.

Die skottels wat die bogrondbelosmaak, is in Bednar se stabiele X-Precise-patroon gerangskik sodat die planter die hele tyd presies agter die trekker loop, ook teen 'n hoë plantspoed. 'n Stel wielrollers maak die grond perfek gelyk nadat dit voorberei is. Die fynsaadkouters is in 'n parallelogrampatroon gemonteer sodat grondkon-

toere outomaties gevolg word vir presiese saadplasing op 'n eenvormige diepte.

Die groot nuus is dat BHBW alle boere wat van Februarie tot September vanjaar 'n Bednar-werktuig koop, nou om dié vervaardiger volgende jaar in Tsjeggië te besoek.

## Geringhoff

BHBW het in 2023 'n rekordjaar vir die verkoop van Geringhoff-strooptafels behaal, ook danksy sy klem op naverkopediens. BHBW bemark en rugsteun sy Geringhoff-reeks landwyd met tegniese verteenwoordigers wat help verseker dat oestyd vlot verloop, en handhaaf 'n hoë beskikbaarheid van onderdele.

BHBW verskaf 'n volledige reeks Geringhoff-tafels – MS-mielieplukkerkoppe (vas-teraaam en opvoubaar) in elke moontlike rywydte met opsies soos sonneblom-kits; TruFlex-Draper tafels vir sojabone en koring; en Sunlite-sonneblom tafels. 'n Tweejaarwaarborg geld vir alle nuwe Geringhoff-tafels.

Op Nampo word 'n 20 ry-

Die Omega-fynsaadplanter is 'n swaardiens-lugdrukplanter wat saad akkuraat uitmeet en plaas. FOTO: VERSKAF

30 vt.-opvoubare MS-plukkerkop vertoon en teen 'n spesiale prys aangebied. Daar sal ook 'n Truflex 35 vt.-Draper tafels op die standplaas te sien wees.

## Crary

Die Crary-windstelsel vir kleingraan werk só goed dat dit in droë jare die moeite werd is om te oes. Dié stelsel lewer eweredige hoëspoed-lugvloei op die snyem van die strooptafels sodat meer materiaal ingevoer en graanverliese beperk word.

Dit het reeds sy staal in Suid-Afrika gewys. In Noordwes getuig sojaboonboere byvoorbeeld van pitverliese van minstens 100-150 kg per hektaar wat voorkom is. Die Crary-windstelsel kan op tafels van alle bekende fabrikate gepas word. Die voordele van dié stelsel word op Nampo prakties gedemonstreer.

## Onderdele

BHBW se sake-eenheid Temo Parts verskaf 'n uitgebreide reeks onderdele vir haas elke toepassing en fabrikaat op die mark. Onder die bekende handelsname wat deur Temo verteenwoordig word, tel TeeJet-spuitsukke en filters van Mann+Hummel.

## Yale en Hako

Met Yale bied BHBW 'n vurkhyser vir elke moontlike behoefte en sak, waaronder elektriese modelle vir pakhuisse en veeldoelige, kostedoeltreffende opsies wat ideaal vir plaaswerk is. Nuwe of gebruikte vurkhyzers kan ook gehuur word.

BHBW verskaf nywerheidskoonmaaktoerusting van Hako in Duitsland. Verskeie outomatiese vloerwas- en veemasjienne is beskikbaar vir binne- én buitenshuise gebruik. **LBW**

NAVRAE: 011 898 0000, web: [www.bhbw.co.za](http://www.bhbw.co.za)